#20

# Almal kan hout afwit

Volg dié maklike stappe en verfraai 'n ou buffet met 'n klassieke afgewitte blad.

*Deur* **Joe Strydom**
*Foto's* **Elza Cooper en Joe Strydom**
*Stilering* **Amanda van Wyngaardt**

**MAKLIK**

**PROJEKGIDS**
**Harde werk** 2/10
**Vardigheidsvlak** 2/10
**Tyd nodig** 2 uur



Mat van Mr Price Home; bykomstighede van Trouvé




## Wat jy nodig het




**INKOPIELYS**
- Annie Sloan Chalk Paint in French Linen
- Gripseal Resilience Matt
- Annie Sloan Wax Clear
- Annie Sloan Chalk Paint Lacquer Matt


**GEREEDSKAP**
- verfkwas
- elektriese skuurder of skuurpapier
- ou lap

## Só maak jy ...












**1** Skuur die blad met 'n elektriese skuurder; jy kan ook verfstroper gebruik om enige vernis te verwyder. Wend twee lae verf in die kleur van jou keuse op die basis van jou meubelstuk aan; ons het Annie Sloan French Linen gebruik. Moenie die blad verf nie. **2** Verseël die rou houtblad met Gripseal Resilience Matt. Verdun die seëlaar met water (verhouding 1:1). Maak seker die seëlaar is droog voordat jy die blad begin verf. **3** Verdun die verf met water (1:1). Verf die blad en vee dan die oortollige verf met 'n lap af. Wag dat die dun verflaag droog is voor jy dit seël met Gripseal Resilience Matt. Seël die basis van jou kas met Annie Sloan Clear Wax of Lacquer Matt.

**KONTAK EN VERSKAFFERS Joe Strydom (Trouvé)** 081 547 3652, facebook.com/trouveza
**Mr Price Home** 0800 212 535, mrphome.com